Die vertaling uit die oorspronklike Engels, in Afrikaans, van die aanhef tot die geloofsbelydenis van Die Verenigende Presbiteriaanse Kerk in Suidelike Afrika.

AANHEF TOT DIE GELOOFSBELYDENIS VAN DIE KERK

Die *"Uniting Prebyterian Church in Southern Africa"* (hierna genoem die UPCSA) aanvaar die geloof in Jesus Christus wat die een, heilige, algemene en Apostoliese Kerk van die begin af gehad het, nl. dat Christus die Verlosser van die wêreld is in Wie mans en vroue op grond van genade en deur geloof, gered word. Volgens die openbaring van God in Jesus Christus aanbid die UPCSA een God: Vader, Seun en Heilige Gees.

Die UPCSA erken die Woord van God in die geskrifte van die Ou en Nuwe Testamente as die enigste, hoogste gesag in sake van die geloof en die lewe.

Die UPCSA aanvaar die historiese geloofsbelydenisse wat algemeen bekend staan as die *Apostoliese Geloofsbelydenis* en die *Belydenis van Nicea* as getuies van en veilige bewaarders van die geloofsbelydenis wat in die eerste plek aan die dissipels van ons Here toevertrou is en wat sedertdien deurgaans in die ervaring van die Kerk deur die Heilige Gees bevestig is.

Net so aanvaar die UPCSA as 'n getuie en veilige bewaarder van die geloof, die *Belydenis van Westminster* en die *Vier en Twintig Artikels van die Geloof*, die byvoegsels deur die "*Presbyterian Church of Southern Africa*" tot die Vier en Twintig Artikels van die Geloof en die "*Declaration of faith of the Presbyterian Church in Southern Africa" / Verklaring van die Geloofsbelydenis van die Kerk in Suidelike Afrika* soos formuleer deur die *"Presbyterian Church of Southern Africa*"

Die UPCSA aanvaar die reg, hoewel ondergeskik aan die Woord van God en die beloofde leiding van die Heilige Gees, om leerstellige uitsprake te formuleer, te aanvaar, te verander en te interpreteer, maar dit moet altyd in ooreenstemming wees met die grondliggende leerstellings van die Christelike Geloof. In hierdie sake tree UPCSA selfstandig op as die enigste gesag oor die formulering van sy belydenis.

Die UPCSA erken die vryheid van gewete ten opsigte van alle leerstellings wat nie grondliggend tot die geloof is nie; nogtans behou die UPCSA homself die reg voor om in elke afsonderlike geval te besluit wanneer 'n leerstelling so beskryf kan word of nie.